



ONS LEER BREI

(LES 4)

SAKKE

Selfs sogenaamde ervare breisters het al gesê dat hulle nie sakke kan brei nie. Wanneer jy dit egter eenmaal onder die knie het, is dit eintlik 'n plesier om sakke te brei. 'n Kledingstuk lyk beter afgewerk en professioneel afgerond met sakke, dus is dit dubbel en dwars die moeite werd om dit te leer doen.

Vertikale sak (foto 1): Die breiwerk word in twee verdeel waar die sak geplaas gaan word en elke deel word afsonderlik gebrei tot die sakopening groot genoeg is. Dit word gedoen deur, waar die sakopening begin, die regternaald se steke op 'n reserwenaald te plaas en oor die steke op die linkernaald voort te brei tot die verlangde lengte bereik is — gewoonlik sowat 13 cm. Die rand van so 'n sak word gewoonlik in risselsteek gebrei of anders dieselfde steek as wat vir die kraag of halsrand en mouboordjies of mousgate gebrei is.

Wanneer die verlangde lengte bereik is, word dié steke weer op 'n reserwenaald geplaas en teruggekeer na die eerste stel op die ander reserwenaald. Daar moet nou eers genoeg steke opgestel word om die voering van die sak te vorm alvorens met die breiwerk voortgegaan kan word. Afhangende van die dikte van die wol of breigaring en die naalde sal dit sowat 15 tot 20 steke wees. Brei dan voort tot dié stuk breiwerk so lank soos die eerste is. Heg die ekstra opgestelde steke nou weer af en brei oor al die steke om hulle op een breinaald te kry soos tevore.

Dié aanwysings is vir die brei van 'n linkersak. Vir 'n regtersak moet die aanwysings omgekeerd uitgevoer word.

Horisontale sak (foto 2): In dié geval word weer eens 'n boord in 'n teenstellende steek gebrei en gewoonlik ook risselsteek soos op die foto gesien kan word. Begin ongeveer 3 cm voor die steke vir die sakopening afgeheg word met die risselsteekboord. Besluit waar die sak geplaas gaan word en brei genoeg steke vir 'n sakopening van sowat 10 cm in die gekose siersteek of risselsteek. Die steke aan weerskante van die sakboord word in die hoofpatroon gebrei. Heg die steke van die sakboord na die gemelde 3 cm gebrei is af en plaas die oorblywende steke op 'n reserwenaald.

Brei die sakvoering nou apart in dieselfde steek as die hoofpatroon oor dieselfde aantal steke as wat vir die sakboord afgeheg is plus vier steke. Brei die sakvoering so lank soos nodig en heg dan weerskante twee steke af. Nou het jy weer dieselfde aantal steke as wat vir die sakboord gebrei is. Brei nou oor die eerste stel steke op die reserwenaald, dan oor die sakvoering se steke en laastens oor die tweede stel steke op die reserwenaald en dan is jy gereed om die pant verder te brei. Die voering word dan aan die verkeerde kant met die hand vasgewerk wanneer die afwerking gedoen word.

'n Sak met 'n flap (foto 3): Heg die verlangde aantal steke vir die sakopening af en plaas die oorblywende steke op 'n reserwenaald. Die flap word nou so gebrei: Stel dieselfde aantal steke op as wat vir die sakopening afgeheg is en brei die flap se



Vertikale sak



Horisontale sak



Sakvoering



'n Sak met 'n flap

rande in mossteek soos op die foto gesien kan word. Die oorblywende steke word in die patroonsteek van die kledingstuk gebrei. Die rande word mossteek gebrei om te voorkom dat die flap oprol of omkruel. Wanneer die flap lank genoeg gebrei is, word die flapsteke in die sakopeningsteke se plek ingepas en voortgebrei oor al die steke soos voorheen.

Sakvoering (foto 4): Die voering word gebrei soos vir die ander sak uiteengesit is, maar dit moet baie versigtig vasgewerk word anders kan dit die voorkoms van die sak totaal bederf. Een manier om die vaswerkery uit te skakel, is om 'n dubbele voering te brei wat aanmekaar gewerk word om aan die sakrand vasgewerk te word om agter die sak los te hang en die eintlike sak te vorm.

'n Ander manier om te vermy om die sakvoering aan die trui vas te werk, is om die sakvoering twee keer so lank te brei as wat nodig is en dit dan dubbel te vou en aan die sakrand vas te werk. Dit kan vir 'n vertikale sowel as 'n horisontale sak gedoen word.

Die foto toon die gewone manier van doen waar 'n reghoek in koussteek gebrei word en aan die verkeerde kant van die breiwerk in posisie vasgewerk word.